**JEUG AKSIE VERSLAG 2019**
**LISA GOUWS**

Hierdie jaar was die verkose Jeugraad die volgende:
Lisa Gouws (Wes-Kaap)
Dewald Roux (Gauteng)
Chloe Robinson (Vrystaat)
Alissa Brink (Gauteng)
Anja Lourens (Wes-Kaap)
Surika Struwig (Mpumalanga)
Johan Pienaar (Gauteng)

Vroeër dié jaar het die Jeugraad ons almal lekker lus gemaak vir Parys 2019 en het dit definitief die moeite werd gemaak.

Dié jaar het ons probeer om iets anders te doen en leerwerk "speelwerk" gemaak. Die idiome prentjies sal ek sê was regtigwaar 'n treffer, elke span het 'n prentjie van 'n idioom gekry en moes probeer om dit uit te voer sodat hulle span kan raai wat dit is. Hier het ons baie snaakse voorbeelde gekry maar ook geleer van die SA Boerperd jeug se wonderlike spanwerk en gees. Nog 'n hoogtepunt - nie net vir ons, maar vir die ouers ook - was om die jeug te sien resies jaag met perde karre wat wonder bo wonder heel by die Dome uitgekom het daarna. Dit was groot pret.

Weereens het die jeug hulle goeie maniere en hulpvaardigheid getoon by hierdie jaar se kaas en wyn; hulle het almal fluks help tafels dek en deurentyd gesorg dat die tafels gepak is met kaas, soutighede, koekies en wyn en ek is seker daarvan almal het die bietjie hulp waardeer.

Bo dit als het die jeug in die skou-klasse altyd 'n goeie gee onder mekaar gehad, almal het mekaar ondersteun en almal het mekaar gelukgewens met hul prestasies.

Ons sê baie dankie aan al die jeug wat ingekoop het by ons spanbou-aksie en dit moontlik gemaak het om almal 'n lekker tyd te gee - sonder die wonderlike positiewe SA Boerperd Jeug sal dit nie dieselfde wees nie.

Lisa Gouws
SA Boerperd Jeugraad, 2018/19